## HOOFSTUK 1: INLEIDING TOT DIE STUDIE

### 1.1 INLEIDING

Kinders wat in die hof moet verskyn het ‘n foutiewe beeld van wat die hof is en wat daar gebeur. Hulle meen dat die hof waar hulle gaan getuig dieselfde is as die hof wat hulle op televisie sien. Hulle verwag dat die regter gemeen sal wees en op hulle sal skreeu. Hulle glo dat die hof vol toeskouers sal wees (Finnegan 2000:1). Die hof maak nie deel uit van kinders se leefwêreld nie en hulle word maklik beïnvloed deur die televisie.

Die Gestaltbenadering het ‘n terapeutiese onderbou wat daarop fokus om die kind te bemagtig. Die navorser is van mening dat hierdie benadering die kind kan bemagtig om deel te neem aan die kriminele verhoor en dat bogenoemde wanpersepsies sodoende reggestel kan word. In die Gestaltbenadering is die verhouding tussen die kind en die terapeut baie belangrik. Blom (2004:5) stel die volgende ten opsigte van die terapeutiese verhouding:

> Deur die ontwikkeling van ‘n terapeutiese verhouding en kontak volgens ‘n spesifieke proses, kry die kinders die geleentheid om bewus te raak van hulle sensoriese, sowel verbaal as nie-verbale self, om uitdrukking te gee aan hulle gedagtes en om hulleself te troetel.

In hierdie studie word geargumenteer dat hofvoorbereiding vanuit die Gestaltbenadering daartoe sal bydra om die kind in staat te stel om aan die kriminele verhoor deel te neem. Vir die doel van die studie het die navorser gefokus op die ontwikkeling en daarstelling (hierna verwys as die daarstelling) van ‘n hofvoorbereidingsprogram vanuit die Gestaltbenadering vir die laerskoolkind wat onsedelik aangerand is. In die studie word die manlike persoonsvorme “hy” en “hom” gebruik om na sowel die vroulike as die manlike geslag te verwys; verder word kortweg na die laerskoolkind verwys as “die kind”

### 1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Die navorser is werksaam by die TygerBeer Eenheid vir Getraumatiseerde Kinders en Gesinne van die Departement Maatskaplike Werk te Tygerberg Hospitaal (hierna verwys as die TygerBeer Eenheid). Kinders word weens trauma soos onder andere verkragting en

seksuele misdrywe (hierna verwys as onsedelike aanranding) teenoor hulle gepleeg, na die TygerBeer Eenheid verwys vir berading, terapie en hofvoorbereiding.

Die navorser het tydens hofvoorbereiding opgemerk dat die kind nie oor 'n "taal" beskik om hierdie trauma aan die hof mee te deel nie. Dit het die navorser gemotiveer om 'n hofvoorbereidingsprogram vanuit die Gestaltbenadering daar te stel ten einde die kind te bemagtig om sy trauma aan die hof te kommunikeer sodat hy meer geloofwaardig voorkom. Die kind ondervind verskeie probleme om in die hof te getuig. Finnegan (2001:1) haal Saywitz aan waar hy noem dat kinders dikwels nie kan getuig nie omdat hulle te gespanne is. Hulle onttrek of weier om te getuig. Volgens Burkhart (1998:1) beleef selfs volwassenes trauma wanneer hulle in die hof getuig. Hollely (2000d:284) stel die vraag of kinders oor genoegsame kennis beskik om geloofwaardig deel te neem aan die kriminele verhoor. Vir die kind gaan dit selde oor die straf wat die oortreder moet kry, maar eerder daaroor dat die onsedelike aanranding teenoor hom moet ophou. Dus is die program nodig om die kind van inligting te voorsien wat hom sal help om met die minste trauma deel te neem aan die kriminele verhoor.

Daar is in Suid-Afrika wetgewing wat benut kan word om kinders te beskerm. Artikel 28 (1) van die Konstitusionele Wet (Wet 108 van 1966) maak dit duidelik dat kinders geregtig is op beskerming teen enige vorm van mishandeling of verwaarlosing. Die Witskrif (1997:60) stel dit dat die kind se regte teenoor die beweerde oortreder se regte in balans gebring moet word deur die regte van die slagoffer en oortreder op gelyke vlak voor te stel: *"Victims' rights within the judicial system will be carefully balanced with the rights of the offender and will be in line with the civil and political rights of citizens"*.

Die navorser het gevind dat beide die Konstitusionele Wet (Wet 108 van 1966) en die Witskrif (1997:60) dié idee uitdruk, maar dat dit nie in die praktyk realiseer nie. 'n Belangrike rede wat hiervoor aangevoer word is dat die Suid-Afrikaanse regstelsel homself laat geld in die juridiese sisteem wat nie deel uitmaak van die kind se leefwêreld nie. Dit is teen hierdie agtergrond dat die navorser 'n program daargestel het om die kind behulpsaam te wees om geloofwaardig deel te neem aan die juridiese stelsel met so min trauma moontlik. Die hofvoorbereidingsprogram is vanuit die Gestaltbenadering ontwikkel om die kind in staat te stel om deel te neem aan die kriminele verhoor. Sodoende word gepoog om 'n balans tussen die oortreder en slagoffer se regte te bewerkstellig.

Die navorser is verder van mening dat, wanneer 'n misdaad teenoor die kind gepleeg word, 'n stuk onvoltooidheid ontstaan wat sy ontwikkeling as kind en volwassene negatief beïnvloed. Volgens Thompson en Rudolph (1996:142) behels onvoltooidhede dat "*People may have unfulfilled needs, unexpressed feelings, or uncompleted situations that clamour for attention*". Wiehe (1997:27) beweer dat slagoffers van onsedelike aanranding gevoelens van hulpeloosheid ervaar en met 'n lae selfbeeld funksioneer. Kinders word in situasies gedwing waar hulle magteloos staan en beleef dat hulle reeds verloor het. In die praktyk word hierdie simptome van 'n lae selfbeeld en hulpeloosheid daagliks waargeneem wanneer kinders na die TygerBeer Eenheid vewys word vir spelterapie en hofvoorbereiding.

## 1.3 PROBLEEMSTELLING

Kinders wat slagoffers van onsedelike aanranding is, beskik selde oor die vermoë om die kriminele verhoor en ondersoek tot hulle voordeel te benut. Kinders beskik ook nie oor 'n "taal" om die trauma van onsedelike aanranding te kommunikeer nie. Victor (1997:4) meld dat kinders nie in staat is om hulle pyn rondom onsedelike aanranding te artikuleer nie.

Charles Brazelle, 'n Wes-Kaapse prokureur beweer in 'n onderhoud met die navorser (Brazelle, 2004) dat die howe versigtig is om die getuienis van kinders te aanvaar. Volgens hom bestaan die gevaar dat versinning kan plaasvind en die kind hom kan verbeel dat iets gebeur het wat nooit gebeur het nie. Die betroubaarheid van die kind se getuienis word aangehoor volgens sy waarnemingsvermoë, sy vermoë om te kan onthou en sy vermoë om weer te gee. Die gevaar bestaan ook om die kind te glo waar sy getuienis alleen staan en daar geen mediese bevestiging bekom kan word wat sy getuienis kan staaf nie.

Volgens Müller (2000a:36-39) het die kindergetuie nie die vermoë om kruisondervraging te hanteer nie. Müller (2000a:38) haal Key aan wat vertel van 'n twaalfjarige seun wat herhaaldelik deur sy vader gesodomiseer is en erge trauma ervaar het nadat hy 'n dag en 'n half aan gedetaileerde kruisondervraging onderwerp is. Die seun het totaal ineengestort en pleitent gevra hoekom niemand hom glo nie.

Hollely (2000d:284-285) haal Spencer en Flin aan en deel hulle bekommernis as hulle beweer dat kinders die inligting volledig moet onthou, akkuraat moet weergee en tussen waarheid en

leuens moet kan onderskei. Hulle moet verder die “regstaal” verstaan en aandui as hulle nie verstaan nie alvorens hulle probeer om ‘n vraag te beantwoord.

In die lig van bogenoemde kan dit opsommend gestel word dat die kind die volgende probleme in die gesig staar:

- Om bo alle twyfel die hof te oortuig dat sy getuienis nie ‘n versinning is nie.
- Dat hy nie presies kan weergee waarom hy oortuig is dat hy ‘n slagoffer is van onsedelike aanranding nie.
- Dat hy probleme ondervind om weer te gee presies wanneer dit gebeur het, waar dit gebeur het, wie gesien het wat gebeur het, hoekom hy nie om hulp geskreeu het nie, en hoekom hy nie vroeër vir sy moeder of iemand anders vertel het nie, veral as die oortreder ‘n bekende is.
- Dat weens die aard van die oortreding, die groot meerderheid van die kinders wat slagoffers is van onsedelike aanranding, enkele getuies is.
- Dat emosionele gevolge tydens getuienisaflegging in die hof manifesteer in hulpeloosheid en trauma weens die eise wat aan die kindergetuie gestel word.

Bogenoemde probleme wat die kind ondervind wanneer hy moet getuig, veroorsaak dat hy gespanne en onseker is en onttrek. Die navorser is van mening dat so ’n kind nie oor genoegsame kennis beskik om aan die vereistes van ‘n kriminele verhoor te voldoen nie. Die kind word volgens Hazelwood en Burges (2000:39) weer eens aan ‘n psigiese krisis onderwerp wat hom tydens die verhoor midde-in die verkragting plaas asof dit daar weer gebeur. Dit kan verklaar waarom die twaalfjarige seun totaal ineengestort het en pleitend gevra het hoekom niemand hom glo nie. Key, soos aangehaal deur Müller, (2000a: 38), sê dat hy beslis sou heroorweeg het om ‘n saak teen die vader te maak indien hy geweet het watter effek die kruisondervraging op die seun sou hê.

Die volgende probleem is vir die studie gestel: Daar is volgens die navorser se kennis geen hofvoorbereidingsprogram vanuit die Gestaltbenadering vir die kind wat onsedelik aangerand is nie.

## 1.4 DOELSTELLING EN DOELWITTE

In die literatuur word verskeie menings gehuldig oor die onderskeiding tussen 'n doelstelling en doelwitte. Fouche (2002:107) noem dat 'n doelstelling die eindproduk is waarnatoe gewerk word. In aansluiting hiermee is De Vos (2002:404) van mening dat 'n doelstelling die oorhoofse toestand of uitkoms is wat deur die gemeenskap of 'n groep verlang word.

Die doelstelling van hierdie studie was om 'n hofvoorbereidingsprogram vanuit die Gestaltbenadering daar te stel vir die kind wat onsedelik aangerand is.

Volgens De Vos (2002:107) is 'n doelwit 'n spesifieke verandering wat plaasvind in 'n program, beleid of praktyk wat bydra tot die breë doelstelling. Om die doelstelling te bereik, is die onderstaande doelwitte vir hierdie studie gestel:

- Om die Gestaltbenadering te beskryf ten einde 'n teoretiese oorsig daarvan te verkry.
- Om literatuur oor die laerskoolkind en onsedelike aanranding te bestudeer ten einde begrip vir die kind wat in die hof moet getuig te ontwikkel.
- Om hofvoorbereiding te beskryf deur 'n oorsig te gee van bestaande literatuur.
- Om fokusgroepe te hou en semi-gestruktureerde onderhoude met kenners op die gebied van hofvoorbereiding en die Gestaltbenadering te voer.
- Om 'n hofvoorbereidingsprogram vanuit die Gestaltbenadering daar te stel ten einde die kind op die kriminele verhoor voor te berei.
- Om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak ten opsigte van die benutting van hierdie program in die praktyk.

## 1.5 DIE NAVORSINGSVRAAG VIR DIE STUDIE

Volgens Flick (1998:49-50) het 'n navorsingsvraag ten doel om die studieterrein te struktureer en om sekere inligting te beklemtoon en ander as minder belangrik te karakteriseer. Dit is belangrik dat die navorsingsvraag so geformuleer word dat dit beantwoord kan word deur die benutting van beskikbare bronne.

Die volgende navorsingsvraag is vir die studie gestel: Watter beginsels en mediums vanuit die Gestaltbenadering kan benut word in 'n hofvoorbereidingsprogram vir die laerskoolkind wat onsedelik aangerand is ten einde meer geloofwaardig aan die kriminele verhoor deel te neem?

## 1.6 NAVORSINGSBENADERING

Vir die doeleindes van die studie word die kwalitatiewe benadering benut. Fouché en Delport (2002:79) haal McRoy aan wanneer hulle noem dat kwalitatiewe navorsing ten doel het om die sosiale lewe en betekenis wat die individue daaraan heg, te verstaan. Dit betrek dus die deelnemers se oortuigings en waardes ter motivering van die ondersoek. Die kwalitatiewe navorser is geïnteresseerd in begrip eerder as verklaring, in natuurlike waarneming eerder as gekontroleerde meting. Die klem word dus gelê op die nie-statistiese metodes en klein aantal voorbeelde wat noukeurig uitgekies is om ondersoek te word.

Hierdie studie is kwalitatief van aard aangesien die navorser sowel semi-gestruktureerde onderhoude gevoer het as fokusgroepe gehou het met maatskaplike werkers, regspersone, tussengangers en 'n vrywilliger. Hulle insette en ervaringe is gebruik om 'n hofvoorbereidingsprogram volgens die Gestaltbenadering daar te stel met die oog daarop om die kind wat onsedelik aangerand is voor te berei en te bemagtig as 'n getuie. Die navorsing het berus op die veronderstelling dat die maatskaplike werkers, regspersone, tussengangers en die vrywilliger met wie daar onderhoude gevoer en fokusgroepe gehou is, weet wat op die kind se voorgrond is ten opsigte van onsedelike aanranding en hofvoorbereiding. Kinders is dus nie direk betrek in die navorsing om vas te stel wat op hulle voorgrond is nie.

## 1.7 SOORT NAVORSING

Die studie het toegepaste navorsing behels wat verkennend en beskrywend van aard is. Hart (1998:46) noem dat toegepaste navorsing gebruik word om aanbevelings en oplossings vir 'n sekere probleem te bied wat deur 'n spesifieke groep in 'n situasie ervaar word. Vir die doeleindes van hierdie studie is 'n oplossing gesoek vir die probleem van die kind wat nie daarin slaag om geloofwaardige getuienis in die hof te gee nie.

Hart (1998:47) noem dat verkennende navorsing onderneem word om ‘n proses te verhelder en beter te verstaan, en om die haalbaarheid van verdere studie te ondersoek deur aan te dui wat toepaslik is. In hierdie geval het die navorser die kind wat in die hof moet getuig se probleme verken. Die navorser het probeer vasstel op watter wyse die Gestaltbenadering benut kan word om hierdie probleme in ‘n hofvoorbereidingsprogram aan te spreek. Die tersaaklike vrae het gefokus op die hoe, wat, waar en wanneer.

De Vos (2002:109) sluit hierby aan en meld dat beskrywende navorsing ‘n spesifieke beeld verteenwoordig van besonderhede, maatskaplike beplanning of verhoudings wat klem lê op hoe en waarom vrae. Hierdie studie is beskrywend van aard aangesien die navorser beskryf het hoe die kind voorberei kan word op deelname aan die kriminele verhoor.

## 1.8 NAVORSINGSTRATEGIE

In hierdie studie is intervensienavorsing en spesifiek die D&D-model (“*Design and Development-model*”) as navorsingstrategie gebruik. Die D&D-model word volgens Rothman en Thomas (soos aangehaal deur De Vos 2002:396) beskou as een van die drie intervensienavorsings, naamlik:

“*Intervention knowledge development, Knowledge utilisation and Design and development*”

Die D&D-model bestaan uit die volgende ses fases:

1. Probleemanalise en projekbeplanning
2. Insameling van inligting en sintese
3. Ontwerp
4. Vroeë ontwikkeling en loodsstudie
5. Evaluering en gevorderde ontwikkeling
6. Verspreiding

Vir die doeleindes van hierdie studie het die navorser die eerste drie fases voltooi. Die eerste stap van die vierde fase is ook aangespreek.

## 1.9 NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKSWYSE

Die navorsingsprosedure en werkswyse wat in hierdie studie benut is, naamlik fases 1 - 4 van die D&D-model wat hierbo genoem is, word vervolgens uiteengesit aan die hand van De Vos (2002:396-418).

### 1.9.1 Fase 1: Probleemanalise en projekbeplanning

Hierdie fase behels probleemanalise en projekbeplanning. In hierdie studie is die probleem soos volg geformuleer: Daar is volgens die navorser se kennis geen hofvoorbereidingprogram vanuit die Gestaltbenadering vir die kind wat onsedelik aangerand is nie.

Hieronder volg 'n uiteensetting van die verskillende stappe in fase 1 van die D&D-model.

**Stap 1: Identifiseer betrokkenes**

De Vos (2002:398) beveel aan dat die intervensienavorser op 'n verteenwoordigende groep of populasie besluit waarmee gewerk gaan word. Vir die doel van hierdie studie is daar gefokus op maatskaplike werkers, regspersone, tussengangers en 'n vrywilliger wat kundiges op die gebied van hofvoorbereiding is (of ondervinding daarvan het), of wat oor kennis van die Gestaltbenadering beskik.

- **Konsultasies met kundiges**

Die volgende kundiges is gekonsulteer ten opsigte van die uitvoerbaarheid van die studie:

Willem du Toit
'n Hoof Maatskaplike Werker wat voorheen vir 11 jaar direk betrokke was by hofvoorbereiding van die kind wat onsedelik aangerand is. Hy is 'n kundige op die gebied van hofvoorbereiding en maak veral gebruik van die Gestaltbenadering om die kind voor te berei om deel te neem aan die kriminele verhoor.
Charles Brazelle
Wes-Kaapse prokureur in Panorama.

Mnr. Brazelle was vroeër aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens verbonde waar hy praktiese ervaring opgedoen het van die Suid-Afrikaanse regstelsel.

Jeanetta Kellerman
Senior staatsaanklaer van Wynberg landdroskantoor en koördineerder van hofsake wat handel oor seksuele misdrywe teen kinders.

Uit die konsultasies met die bogenoemde kundiges het dit geblyk dat daar 'n behoefte aan hierdie studie is en dat dit wel uitvoerbaar is.

- **Universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming**

Volgens Strydom en Venter (2002:198) word universum omskryf as alle moontlike subjekte wat oor die eienskappe beskik waarin die navorser belangstel. In die geval van hierdie studie is die universum saamgestel uit maatskaplike werkers, regspersone, tussengangers en 'n vrywilliger wat kundiges op die gebied van die Gestaltbenadering en/of van hofvoorbereiding met die kind is, of wat ondervinding op hierdie gebiede het.

Populasie word deur De Vos (2002:198) omskryf as 'n begrip wat 'n stel beperkinge op die studie-eenheid plaas. In meer konkrete terme verwys dit na individue in die universum wat oor spesifieke karaktereienskappe beskik. Vir die doeleindes van hierdie studie is die populasie maatskaplike werkers, regspersone, tussengangers en 'n vrywilliger wat kundiges is van of ondervinding het op die gebied van hofvoorbereiding en/of die Gestaltbenadering in die Wes-Kaap.

Die nie-waarskynlikheidseleksie is daardie tipes steekproefneming waarin die waarskynlikheid dat 'n lid van die populasie in die steekproef ingesluit sal word, nie statisties bepaal kan word nie. Strydom en Venter (2002:198) noem dat 'n steekproef die eienskappe bevat van die populasie wat in die studie ingesluit word, maar wat statisties nie bereken kan word nie. Volgens Strydom en Delport (2002:334) is 'n steekproef in kwalitatiewe navorsing beperk en nie verteenwoordigend nie. Sarantakos (2000:156) sluit hierby aan en meld dat die steekproefgrootte nie statisties bepaal word nie. Die nie-waarskynlikheidseleksie is dus nie tydrowend nie en koste-effektief. Die nie-waarskynlikheidsteekproef is om hierdie redes in die studie benut.

Volgens Strydom en Delport (2002:334) hang die doelbewuste steekproef uitsluitlik van die navorser af. Die navorser bepaal die verteenwoordigende eenheid wat saamgestel is volgens die elemente wat die meeste kenmerke of tipiese bydraes van die populasie bevat. Daarbenewens moet die navorser ‘n volgehoue proses van vergelyking tussen die individu en groepe bestudeer ten einde op hoogte te wees van alle aspekte van die navorsingsonderwerp. Die responent moet ‘n maatskaplike werker, regspersoon, tussenganger en/of vrywilliger van enige geslag of kultuur wees wat aan die volgende kriteria voldoen:

- beskik oor kennis en ervaring van hofvoorbereiding; en
- beskik verkieslik oor kennis van die Gestaltbenadering, hoewel dit nie ‘n vereiste is nie.

Vir die doeleindes van hierdie studie is die volgende persone as respondente geselekteer: Sewe maatskaplike werkers, ses regspersone en twee tussengangers en ‘n vrywilliger. Vir die doel van die studie is die kriteria vir die steekproef soos volg:

- Maatskaplike werkers van enige geslag of kultuur wat beskik oor:
  - praktykervaring van die kind;
  - kennis en ervaring van hofvoorbereiding en
  - kennis van die Gestaltbenadering.
- Regspersone van enige geslag of kultuur wat werksaam is in die Spesiale Howe vir Seksuele Misdrywe teen kinders.
- Tussengangers en ‘n vrywilliger van enige geslag of kultuur van Rapcan (“Research Prevention of Child Abuse Network”) wat benut word om die kind te ondersteun.

**Stap 2: Verkry toegang tot en samewerking van die betrokkenes**

Onderhoude met sleutelpersone help die navorser om toegang tot die personeel te verkry. Samewerkende verhoudings met verteenwoordigers bevorder eienaarskap van die probleem volgens De Vos (2002:399). Vir die doel van hierdie studie is me M. de Jager, Assistent Direkteur, die bestuur van die Departement Maatskaplike werk, en me. H. Louw (Hoof Maatskaplike Werker) van die TygerBeer Eenheid gekonsulteer om die nodige toestemming te verkry om maatskaplike werkers van hierdie Eenheid by die studie te betrek. Jeanetta

Kellerman van Wynberg landdroskantoor is genader om skakeling met regspersone en tussengangers te bewerkstellig, en om hulle samewerking in die navorsingsprojek te bekom deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroepe.

**Stap 3: Identifiseer die belange van die betrokkenes**

Volgens De Vos (2002:402) moet die navorser nie slegs die ooglopende probleme aanspreek om oplossings daarvoor te bekom nie, maar moet die persoonlike opinies van betrokkenes aangehoor word om oplossings daarvoor te projekteer. Vir die doeleindes van die studie het die navorser op die literatuur gefokus. Daar is egter ook gebruik gemaak van semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroepe met maatskaplike werkers, regspersone, tussengangers en ‘n vrywilliger wat saam met ‘n tussenganger werk om vas te stel watter probleme die kind ervaar tydens deelname aan die kriminele verhoor. Hierdie probleme is identifiseer en saamgevat in temas wat aangespreek is in die hofvoorbereidingsprogram wat binne die Gestaltbenadering ontwikkel is. Hierdie hofvoorbereidingsprogram is aangeheg in Bylae B.

Greeff (2002:302) beskryf semi-gestruktureerde, een-tot-een onderhoude as die algemene wyse waarop die navorser inligting, beskouings, menings of indrukke van ‘n spesifieke onderwerp van die deelnemers bekom. Verder is Greeff ook van mening dat die navorser tydens semi-gestruktureerde onderhoude ‘n onderhoudskedule moet hê. Hierdie skedule kan tydens die onderhoude benut of aangepas word na aanleiding van die deelnemer se bydrae. Die deelnemer sal volgens Smith, Harrè en Langenhoven (1995:9-26) iemand wees wat ‘n kenner is op die gebied van die navorsingsonderwerp en wat ‘n waardevolle bydrae lewer indien hy geleentheid daartoe gebied word.

Greeff (2002:305-306) dui aan dat die navorser onderhoude met groepe kan benut om ‘n beter begrip te bekom van die groep se gevoel ten opsigte van die navorsingsonderwerp. Deelnemers word geselekteer omdat hulle sekere karaktertrekke in gemeen het oor spesifieke onderwerpe wat nagevors word. Greeff (2002:306) definieer ‘n fokusgroep as ‘n groep wat met omsigtigheid saamgestel moet word om die groep se gevoelens, perspektief en fokus ten opsigte van die navorsingsonderwerp vas te stel in ‘n nie-bedreigende omgewing. Vir die doeleindes van hierdie studie het die navorser beide metodes benut, naamlik semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroepe.

Die ideaal was om met al die respondente semi-gestruktureerde onderhoude te voer. Tydens die navorser se beplanning het dit egter geblyk dat dit nie prakties uitvoerbaar is nie. Daar is semi-gestruktureerde onderhoude met drie maatskaplike werkers en een vrywilliger wat betrokke is by hofvoorbereiding gevoer. Drie fokusgroepe is gehou wat soos volg saamgestel is:

- Fokusgroep 1: Wynberghof. Hierdie groep het uit ses staatsaanklaers bestaan.
- Fokusgroep 2: Parowhof. Hierdie groep het bestaan uit ‘n staatsaanklaer, ‘n tussenganger en ‘n maatskaplike werker.
- Fokusgroep 3: Die TygerBeer Eenheid van die Tygerberg Hospitaal. Hierdie groep het uit drie hoof maatskaplike werkers bestaan.

Alhoewel die literatuur aanbeveel dat meer as een sessie met elke fokusgroep moet plaasvind, kon dit egter nie realiseer nie weens die respondente se verskillende werksprogramme en hoë werkslading. Die navorser is egter van mening dat die inligting wat uit die fokusgroepe bekom is, ryk aan inhoud was. Dieselfde inligting is by elke fokusgroep verkry, wat daarop dui dat dit betroubaar is ten opsigte van die hele spektrum van hofvoorbereiding. ‘n Bandopnemer en prosesnotas is benut tydens die onderhoude en fokusgroepe om die korrekte inligting wat bekom is aan te teken.

**Stap 4: Analiseer die identifiserende belange**

De Vos (2002:403) noem dat daar gelet moet word op patrone, kategorieë en basiese beskrywende eenhede wat gevorm word. In hierdie studie is daar vanuit die literatuurstudie, die semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroepe vasgestel watter probleme en temas in die hofvoorbereidingsprogram aangespreek moet word. Op hierdie wyse kan die inligting in ‘n program omskryf word wat daartoe bydra om die kind te bemagtig om geloofwaardig getuienis te lewer.

**Stap 5: Opstel van doelstelling en doelwitte**

Dit is noodsaaklik om ‘n oorhoofse doelstelling en spesifieke doelwitte vir die studie op te stel ten einde by die beoogde eindproduk te kom (De Vos 2002:404). Die doelstelling en doelwitte van hierdie studie is reeds in paragraaf 1.4 bespreek.

### 1.9.2 Fase 2: Insameling van inligting en sintese

Volgens De Vos (2002:405) is dit belangrik om met intervensienavorsing deeglik bewus te wees van watter navorsing, indien enige, reeds in die betrokke gebied gedoen is. Verskillende bronne is benut om inligting in te samel, soos hieronder stapsgewys beskryf word.

**Stap 1: Bestudering van bestaande literatuur**

De Vos (2002:405) is van mening dat 'n literatuurstudie bestaan uit die bestudering van geselekteerde empiriese navorsing, asook bestaande literatuur met betrekking tot die navorser se studie. Vir die doeleindes van die studie is die literatuur oor die Gestaltbenadering (hoofstuk 2), oor die kind (hoofstuk 3), hofvoorbereiding (hoofstuk 4) bestudeer. Die inligting wat so bekom is, is in die daarstelling van die hofvoorbereidingsprogram benut.

Daar was voldoende literatuur oor hofvoorbereidingsprogramme beskikbaar, hoewel nie spesifiek oor hofvoorbereiding vanuit die Gestaltbenadering nie. In die literatuurstudie is boeke, tydskrifte en die Internet benut vir tersaaklike inligting uit die maatskaplike, mediese en sielkunde veld.

**Stap 2: Bestudering van natuurlike voorbeelde**

Volgens De Vos (2002:406) kan die navorser waardevolle inligting bekom uit onderhoude met persone wat kennis het van die betrokke probleem of persone wat self die probeem ervaar het en gevolglik 'n eerstehandse bydrae kan lewer tot die intervensienavorsing. Vir die doel van hierdie studie was semi-gestruktureede onderhoude en fokusgroepe benut met maatskaplike werkers, regspersone, tussengangers en 'n vrywilliger. Die navorser het voorts verskeie bestaande hofvoorbereidingsprogramme bestudeer: "Preparing Child Witnesses for Court" deur Hollely en Müller; "Preparing Children for Court: Court School Programs" van die US Department of Justice and Office of Justice Program Victims of Crime; Finnegan (2000:1-7) "Kids Court Program" die TygerBeer Eenheid se Program; en Rapcan se program.

Die onderstaande algemene bevindings blyk uit hierdie programme.

- Die kind moet voorberei word op die kriminele verhoor om verdere blootstelling en trauma te voorkom of tot die minimum te beperk.

- Die kind se belange moet ten alle tye eerste kom. Die staatsaanklaer moet aanbeveel dat die kind in die spesiale hof getuig indien dit blyk dat die kind verder getraumatiseer sal word as hy in die teenwoordigheid van die beweerde oortreder moet getuig.
- Die kind moet die verskillende rolspelers en hul funksies in die hof ken om te weet wat sy rol as getuie is.
- Die regspersone se benadering tot die kind moet op sy vlak van ontwikkeling wees sodat hy sy rol as getuie kan verstaan en ‘n keuse kan uitoefen om verantwoordelikheid vir homself te aanvaar.
- Kruisondervraging blyk ‘n groot probleem te wees tydens die kriminele verhoor en behoort meer aandag te ontvang om die kind te bemagtig.
- ‘n Geïntegreerde benadering is noodsaaklik sodat al die ondersteunende dissiplines betrek kan word om die kind voor te berei op deelname aan die kriminele verhoor.
- Die familie moet voldoende ingelig word sodat hulle die regstelsel verstaan en weet hoe hulle die kind kan ondersteun om ‘n suksesvolle getuie te wees.

**Stap 3: Identifisering van funksionele elemente van suksesvolle modelle**

Volgens De Vos (2002:407) moet die navorser, nadat al die inligting byeen gebring is, vasstel watter kritieke probleme daar in die bestaande programme is. Die navorser moet vasstel hoe hierdie probleme in die praktyk aangespreek word. De Vos noem verskeie vrae aan die hand waarvan daar vasgestel kan word of ‘n bestaande program hierdie probleme suksesvol aanspreek. Byvoorbeeld: Watter kenmerke maak‘n spesifieke program effektief? Wat veroorsaak dat ‘n bestaande program onsuksesvol is? Wat moet gebeur om die sukses van die program te waarborg? Watter invloede kan bydra tot die sukses van die program of meewerk tot die mislukking daarvan? Watter prosedure is gebruik? De Vos (2002:407) haal Fawcett aan en meld dat indien suksesvolle en onsuksesvolle programme bestudeer word, die navorser in staat is om verskeie elemente te identifiseer wat ‘n waardevolle bydrae kan lewer tot die ontwerp en ontwikkeling van aktiwiteite vir bestaande navorsing.

### 1.9.3 Fase 3: Ontwerp

De Vos (2002:408-409) noem twee stappe in die ontwerpfase wat onontbeerlik vir die navorsing is.

**Stap 1: Die ontwerp van ‘n waarnemingsisteem**

Volgens De Vos (2002:408) moet die navorser ‘n spesifieke metode ontwerp waarvolgens sekere gebeure waargeneem kan word wat die probleme veroorsaak, en waarvolgens vasgestel kan word hoe groot hierdie probleme en die gevolge daarvan is. De Vos (2002:408) meld dat die waarnemingsisteem nou verbind is met die ontwerp van ‘n intervensie: “dit dien as terugvoering vir ‘n bepaalde prototipe”.

Die waarnemingsisteem kan temas identifiseer wat belangrik is vir die daarstelling van ‘n prototipe hofvoorbereidingsprogram. Hollely (2002:289) noem byvoorbeeld die volgende temas wat kan verhoed dat die program inmeng met die weergawe van die getuie: om die kind se behoeftes rondom die verhoor te bepaal en daarop te reageer; om ‘n vertrouensverhouding tussen die kind en die persoon wat die kind voorberei te skep; om die hoeveelheid sessies te bepaal wat noodsaaklik is om die kind voor te berei; om te bepaal hoe lank hierdie sessies sal wees; om te bepaal waar hierdie sessies gehou sal word; om seker te maak dat die kind die erns van sy weergawe van die waarheid en leuens verstaan; om die ondersteuningsnetwerk van die kind tuis te versterk; en om te bepaal watter kennis die kind nodig het om sy rol in die hofprosedure te verstaan en sodoende te voldoen aan die eise van die regstelsel.

Die hofvoorbereidingsprogram bestaan volgens Hollely (2000d:303) nie net uit kennis van en oor die hof nie, maar behels ook dat die kind bemagtig word om sy angs te verminder en in staat gestel word om met meer selfvertroue deel te neem aan die kriminele verhoor. Die Gestaltbenadering is in hierdie studie benut om die kind te bemagtig om met meer selfvertroue deel te neem aan die kriminele verhoor.

**Stap 2: Spesifisering van die voorskrifte van prosedure vir die intervensie**

Deur die waarneming van die probleem en die bestudering van nuwe oplossings en ander protokolle, kan die navorser volgens De Vos (2002:409) die voorskrifte vir prosedure vir

intervensie spesifiseer. Die voorskrifte van prosedure vir die intervensie vorm deel van die uiteindelike program wat die finale produk van die navorsing is.

Hierdie aspekte word volledig beskryf sodat vakkundiges wat die program aanbied dit kan benut. Dit sluit onder andere die volgende in:

- wie as aanbieder van die program kan optree;
- of die aanbieding van die program individueel of in 'n groep benut kan word; en
- gereeldheid van die aanbieding van die program.

### 1.9.4 Fase 4: Vroeë ontwikkeling en loodsstudie

Volgens De Vos (2002:409) is ontwikkeling die proses waar nuwe metodes geïmplementeer en benut word op 'n voorlopige basis, getoets word vir akkuraatheid en herdefinieer en -ontwerp word indien nodig. Vir die doeleindes van hierdie studie, is slegs stap 1 van hierdie fase voltooi.

**Stap 1: Ontwikkeling van die prototipe**

Volgens Barnes-September in De Vos (2002:410) is die protokolspan se taak om 'n protokol op te stel wat 'n funksionele vloeikaart insluit. Hierdie vloeikaart beskryf die voorgestelde proses van intervensie, volledige beskrywing en motivering van intervensie vir elke stap, strukturele meganismes, en die voorgestelde tydrooster vir die voltooiing van die intervensietake. Vir die doeleiendes van hierdie studie het die navorser 'n prototipe hofvoorbereidingsprogram vanuit die Gestaltbenadering daargestel vir die kind wat onsedelik aangerand is. (Sien Bylaag C)

## 1.10 ETIESE ASPEKTE

Strydom (2002:63-76) omskryf etiese aspekte as 'n stel morele beginsels wat voorgestel word vir individue of 'n groep. Etiese riglyne dien as 'n basis van elke navorser se optrede en moet deel uitmaak van sy daaglikse leefwyse. Vervolgens word die etiese riglyne wat op die studie betrekking het bespreek.

- **Skade aan proefpersone**

Volgens Strydom (2002:64) is emosionele skade moeiliker om te herstel as fisieke ongemak. In hierdie studie het die navorser taal vermy wat as veroordelend, onderdrukkend of diskriminerend teenoor enige groep mense (geslagsgroepe en kulturele groepe) kan voorkom. Die respondente in hierdie studie is vooraf bedag gemaak op enige moontlike, onvermydelike skade sodat ‘n respondent die geleentheid het om te onttrek indien hy dit verkies. Daar is voorsiening gemaak vir opvolgonderhoude indien die respondente ‘n behoefte sou hê aan verdere gesprekvoering of ontlading nadat semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroepe afgehandel is.

- **Ingeligte toestemming**

Volgens Strydom (2002:65) veronderstel verkryging van toestemming dat enige inligting ten opsigte van die doel van die ondersoek, die prosedures wat tydens die ondersoek gevolg sal word, moontlike vooroordele, nadele en gevare waaraan respondente blootgestel mag word asook die geloofwaardigheid van die navorser aan proefpersone of hulle verteenwoordigers verstrek moet word. In hierdie studie is skriftelike toestemming bekom van almal met wie semi-gestruktureerde onderhoude gevoer en fokusgroepe gehou is. Vir die doeleindes van die studie het die navorser toestemming by die bestuur van die TygerBeer Eenheid, landdroshowe en Rapcan se koördineerder verkry ten einde spesifieke persone te betrek om die navorsing te voltooi. Met die aanvang van die semi-gestruktureerde onderhoude en fokusgroepe, het elke respondent die nodige toestemming verskaf. (Sien Bylaag A)

- **Misleiding van proefpersone**

Volgens Strydom (2002:66) is doelbewuste misleiding van proefpersone ‘n ernstige oortreding wat die vertrouensverhouding tussen die deelnemers en die navorser skaad. Indien dit blyk dat proefpersone per toeval mislei is, moet die navorser onmiddelik daaraan aandag gee by wyse van gesprekvoering en ontlonting om verdere skade te voorkom. Die navorser voorsien nie dat die huidige studie enige moontlikheid gebied het dat diegene wat deelgeneem het aan die projek mislei is nie.

- **Skending van privaatheid**

Sieber, soos aangehaal deur Strydom (2002:67), definieer privaatheid as *“that which normally is not intended for others to observe or analyze”*. In hierdie studie het die navorser van ’n bandopnemer gebruik gemaak om te verseker dat belangrike inligting nie verlore gegaan het nie. Respondente kon weier om aan die navorsing deel te neem indien hulle besware gehad het teen die maak van ‘n bandopname. Individue het die reg gehad om te besluit wanneer, waar, hoe en tot watter mate hulle houdings, oortuigings en gedrag openbaar mag word. Anonimiteit was benut om deelnemers se belange te beskerm.

Die bogenoemde skrywer is van mening dat skending van privaatheid ter sprake kom wanneer die navorser in gebreke bly om anonimiteit te verseker, terwyl respondente ‘n bydrae gelewer het met dien verstande dat hulle identiteit nie bekend gemaak mag word nie. Die navorser het skriftelike toestemming bekom om respondente se bydrae bekend te maak en sodoende verhoed dat hulle privaatheid geskend word. Skuilname kon ook gebruik word om respondente se privaatheid te beskerm.

- **Optrede en bekwaamheid van die navorser**

Volgens Strydom (2002:69) is navorsers eties verplig om bekwaam te wees vir die eise wat die navorsing stel. In hierdie studie het die navorser onder leiding van die studieleier die navorsing suksesvol voltooi.

- **Bekendstelling van bevindings**

‘n Navorser moet volgens Strydom (2002:71) oor die vermoë beskik om die navorsing objektief te benader. Strydom is verder van mening dat die bevindings van die ondersoek skriftelik aan die leserspubliek bekend gemaak moet word, anders beteken ‘n wetenskaplike ondersoek min en kan dit nie as navorsing beskou word nie. Die bevindinge van die studie word beskikbaar gestel in die vorm van ‘n skripsie.

## 1.11 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

### 1.11.1 Hofvoorbereidingsprogram

Lewis (1999:145) definieer 'n hofvoorbereidingsprogram as 'n program wat ontwerp word om die kind te help om so effektief as moontlik getuienis in die hof te lewer deur aandag te gee aan die emosionele aspekte van die kindergetuie.

'n Hofvoorbereidingsprogram word benut om die kind voor te berei om in die hof te getuig. Die kind se voorbereiding moet volgens Cashmore en Bussey (1990:77) fokus op die hofpersoneel wat betrokke is tydens die prosedure, die hofomgewing waarin die kind getuienis gee en die kind self.

Volgens Hollely (2000d:290) word 'n hofvoorbereidingsprogram benut om die kindergetuie voor te berei op die verloop van die hofprosedures en om enige vrese wat die getuie het rondom die verhoor, aan te spreek en te voorkom.

'n Hofvoorbereidingsprogram is volgens die navorser 'n voorgeskrewe program wat die kind wat onsedelik aangerand is, van waardevolle inligting sal voorsien ten opsigte van hofprosedures, getuienisaflegging en die beklemtoning van die geloofwaardigheid van die kindergetuie.

### 1.11.2 Laerskoolkind

Die laerskoolkind word volgens sy ouderdom gedefinieer. Volgens Papalia en Olds (1999:283) strek dié ouderdom vanaf ses tot twaalf jaar.

Louw (1998:326) omskryf die tydperk tussen ongeveer die sesde en twaalfde lewensjare as die middelkinderjare. Die kind bring dus sy middelkinderjare in die laerskool deur. Hy verwys na Freud wat hierdie tydperk uitsonder as die jare van psigo-seksuele latentheid teenoor Erikson wat dit die periode van arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid noem.

Ook volgens Schoeman (1999:29) word daar na hierdie fase verwys as die middelkinderjare. In hierdie fase word patrone gevestig waarin die kognitiewe, sosiale, emosionele en selfkonsepontwikkeling gevorm word. Vir die doeleindes van hierdie studie is 'n laerskoolkind wat onsedelik aangerand is 'n kind tussen die ouderdom van sewe tot twaalf jaar.

### 1.11.3 Onsedelike aanranding

Volgens De Wet (1985:239) is 'n onsedelike daad 'n handeling wat gerig is op of bestaan in die aantasting van die slagoffer se geslagsorgane of ander "erotiese" dele van die liggaam.

Onsedelike aanranding word volgens Louw (1994:65) beskou as die pleeg van 'n onsedelike daad met 'n persoon sonder sy of haar toestemming, byvoorbeeld aanraking van die persoon se geslagsdele of orale of anale penetrasie.

Vir die doeleindes van hierdie studie is onsedelike aanranding 'n onsedelike daad wat met die kind gepleeg word, hetsy deur aanraking van die geslagsdele of deur anale of orale penetrasie.

### 1.11.4 Gestaltbenadering

Die Gestaltbenadering sluit in die teoretiese konsepte van die Gestaltteorie, die filosofie, beginsels van Gestaltspelterapie, en die benutting van verskillende denkrigtings wat betrek word.

Die Gestaltteoretiese benadering is grotendeels deur Fritz Perls ontwikkel. Volgens Clarkson en Mackewn (1994:35-36) word die benadering gevorm uit die konsep "Gestalt" wat beskou word as 'n entiteit of geheel (holisme) waarvan die som meer is as die dele waaruit dit bestaan, wat 'n sekere mate van struktuur besit en wat as geheel tussen die dele bly voortbestaan.

Vir die doeleindes van hierdie studie is die Gestaltbenadering vir die navorser 'n holistiese werkswyse wat inhou dat die mens as 'n holistiese eenheid beskou word. Dit beteken dat die som van sy liggaam, emosionele en geestelike aspekte, denke en gedrag meer is as die dele waaruit dit bestaan.

## 1.12 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het gedien as ‘n inleiding tot die studie. Die student het ‘n behoefte geidentifiseer om ‘n hofvoorbereidingsprogram vir die laerskoolkind wat onsedelik aangerand is vanuit die Gestaltbenadering daar te stel. Die Gestaltbenadering maak dié hofvoorbereidingsprogram uniek weens ‘n terapeutiese onderbou wat daarop fokus om die kind te bemagtig. Sowel die navorsingsvraag vir die studie, die navorsingsbenadering, die soort navorsing, navorsingstrategie as die navorsingsprosedure en werkswyse is in hoofstuk 1 omskryf. Etiese aspekte en definisies van hoofkonsepte is verder beklemtoon.

In hoofstuk 2 word ‘n teoretiese fundering van die Gestaltbenadering gegee. Hiervolgens word ‘n uiteensetting gegee van die sentrale aspekte van die Gestaltbenadering, Gestaltspelterapie, die onderskeid tussen berading en psigoterapie en die rol van die terapeut. Samevatting van aspekte wat tydens elke fase van die terapeutiese proses voorkom word beklemtoon. Hoofstuk 2 maak melding van die persoonlikheidsteorie van die Gestaltbenadering wat fokus op polariteite. Die polariteite poog om konflikte op te los wat in alledaagse aktiwiteite voorkom. Algemene eienskappe, die werkswyse, tegnieke van die Gestaltbenadering en indikasie vir terapie word kortliks bespreek.

Hoofstuk 3 fokus op die laerskoolkind wat onsedelik aangerand is. Die kind se ontwikkeling ten opsigte van uitbreiding van vaardighede, liggaamlike vaardighede, kognitiewe ontwikkeling, persoonlikheidsontwikkeling, die ontwikkeling van die selfkonsep, emosionele ontwikkeling en sosiale ontwikkeling geniet in hierdie hoofstuk aandag. Sy belewenis van onsedelike aanranding word bespreek met die klem op die eise wat aan die kind gestel word oppad na volwassenheid. Die navorser toon begrip vir die kind wat onsedelik aangerand is en wat voorberei moet word om deel te neem aan die kriminele verhoor. Die hoofstuk maak veral melding van die ontwikkeling van die selfkonsep wat negatief beïnvloed word.

Hoofstuk 4 fokus op die noodsaaklikheid van toereikende hofvoorbereiding vir die kind wat in die hof moet verskyn. Verskeie belangrike faktore in die regstelsel wat in ag geneem moet word wanneer ‘n kind voorberei word vir deelname aan die kriminele verhoor het aandag

geniet. Die doel en struktuur van hofvoorbereiding, implimenteringstegnieke, die kind as getuie, die rolspelers in die hof en hulle onderskeie funksies is deeglik bespreek. Die rol wat die gesin speel tydens hofvoorbereiding is beklemtoon ten einde spanning rondom die hofsaak te hanteer.

Hoofstuk 5 gee 'n uiteensetting van die empiriese gegewens en navorsingsbevindinge. Hoe die inligting bekom is, wie die universum is, wat die agtergrond van die respondente is wat deelgeneem het asook die resultate van die studie word bespreek. Temas vir die hofvoorbereidingsprogram is bepaal. Dit sal benut sal word ten einde die kind voor te berei om deel te neem aan die kriminele verhoor.

Hoofstuk 6 bied 'n samevatting van die doel van die ondersoek en dui aan hoe die navorsingsplan hierdie doel verwesenlik het. Doelwitte van die studie is beskryf en hoe dit bereik is. Die navorsingsontwerp en prosedures wat in die studie benut is, is bespreek. Die belangrikste gevolgtrekkings van hierdie studie is in hierdie hoofstuk beklemtoon. Aanbevelings is gemaak op grond van die bevindings en gevolgtrekkings van die studie. Verder is 'n bondige samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings van die studie in hoofstuk 6 weergegee.